## SKEPPINGSEISOEN

## 2024



## "HOOP EN HANDEL MET DIE SKEPPING"

## BID EN NEEM AKSIE VIR ONS GESAMENTLIKE TUISTE

Hoop en handel met die skepping beteken eerstens om hande te vat met alle mense van goeie wil. So kan ons onder andere nadink oor die vraagstuk van menslike mag, die betekenis asook die beperkinge daarvan.

Geloof is 'n gawe, die vrug van die Gees se aanwesigheid in ons, maar dit is ook 'n taak wat ons vrylik onderneem, in gehoorsaamheid aan God se liefdesgebod.

As mense wat durf droom, moet ons dit met oop oë doen met die begeerte vir liefde, broederskap,vriendskap en geregtigheid vir God se hele skepping.

Pous Franciskus roep ons tot 'n "gees van sosiale vriendskap en universele broederskap" in *Fratelli Tuti,* en dié harmonie tussen mense moet die hele skepping omvat, Ons *"mensgerigtheid"* (LD 67) vereis 'n verantwoordelikheid vir 'n *menslike en integrale ekologie, die heilsweg vir ons gesamentlike tuiste en ons wat dit bewoon.*

*Laat die "**eerste vrugte**" van die saad van hoop ons self*

Die Skeppingseisoen dek die vyf weke tussen die Wêreldbiddag vir die Sorg van die Skepping (September 1) en die Feesdag van St Franciskus van Assisi (Oktober 4). Pous Franciskus sê dat dié "tyd vir die skepping" individuele gelowiges en geloofsgemeenskappe die kans bied om hulle persoonlike roeping as bewaarders van die skepping te bevestig en God te dank vir sy wonderbaarlike handewerk wat Hy aan ons sorg toevertrou het. Ons vra ook dat Hy ons sal bystaan om die skepping te versorg en ons vra Hom om vergifnis vir die sondes teen die wêreld waarin ons leef (Brief by die aankondiging van die "Wêreldbiddag vir die Sorg van die Skepping, 1 September 2015). Hier volg 'n paar maniere hoe ons as individue en gemeenskappe ons doelwitte vir die Skeppingseisoen kan uitleef.

### 1. Herbevestig ons Roeping as Bewaarders van die Skepping

#### As individue en families: Werk teen die "Weggooi Kultuur"

Pous Franciskus vestig ons aandag op die "weggooi kultuur",wat "alles gou tot vullis maak" (LS 22), sonder om te dink wie dit gaan optel. Kom ons probeer om daagliks maniere te vind om dinge weer te gebruik en te herwin en so ons manier van lewe te verander.

### 2. Dank God vir sy Wonderbare Handewerk

#### As individue en families: Tafelgebed

Bid 'n kort dankgebed vóór en ná maaltye vir die heilsame voedsel wat ons voed en aan die lewe hou. Dink daaroor na dat alles wat ons voed oorspronklik uit die aarde (grond) kom en wees dankbaar vir al die hande wat die arbeid verrig het sodat die kos op ons tafels kan kom. Hierdie is 'n "oomblik van seëninge, hoe kort ook al, om ons te herinner aan die feit dat ons op God staatmaak vir ons lewe" (LS 227)

#### As gemeenskap: Eucharistiese Aanbidding

Dit is veral deur ons aanbidding van die Allerheiligste Sakrament dat uiting gee aan ons dankbaarheid en seëninge. Die heilige vader verklaar dat, "die hele skepping deur die Eucharistie danksegging aan God bied." (LS 236) Om dié gewyde realiteit deur die Skeppingseisoen te vier, beveel ons 'n uurlange Eucharistiese aanbidding met die tema 'Sorg vir die Skepping' aan in u parogie, gemeenskap, of as individu. Besoek gerus bit.ly/PCJP-EA.

### 3. Smeek God se Hulp af en Vra Hom om Verskoning

#### As individue en families: Bieg

'n Oproep tot 'n diep 'ekologiese bekering', word deur die pous beklemtoon en dit verg 'n persoonlike gewetensondersoek en die raaksien van ons sondes teen die skepping, hoe klein of groot ook al. Ons Christelike spiritualiteit is diep bewus van die onderlinge verbondenheid tussen mense en die skepping. Feit is dat dié verbondenheid of verhouding seergekry het.

#### As gemeenskap: Gebedsdiens

'n Laaste aanbeveling vir hierdie tyd is om 'n gebedsdiens in u parogie of met ander geloofsgemeenskappe in die buurt te reël. Die Katolieke Klimaat Verbond het 'n vierdelige gebedsdiens ontwerp wat weekliks ná afloop van die Heilige mis gebruik kan word. Soos ons die pragtige lenteseisoen binnegaan kan 'n buitelug diens ons die kans gee om ons eenheid met die natuur te ervaar. Besoek gerus: bit.ly/CCC-PS vir die bronmateriaal.